

12 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 5:1-6:21

Fokusgedeelte: Numeri 6:1-21

Besondere toewyding aan God

God het in die midde van sy volk gewoon en daarom moes dit 'n ware Godsvolk wees. Israel moes anders dink en lewe as die heidense nasies om hulle. Hierdie waarheid moes in alle optredes uitkom. As die een die ander benadeel, moet dit reggestel word. Daar moet ook 'n soenoffer gebring word, want die Here het alles gesien.

Ook die huwelik moet getrou en rein onderhou word. As daar twyfel oor getrouwheid was, kon die waarheid van die Here gevra word (5:11 ev). So is Israel geleer om voor die aangesig van die Here te lewe. So is dit ook vandag met ons. Ons het die Heilige Gees wat ons in die waarheid lei en daarom moet ons ook versoening vir ons sondes vra.

Nog 'n mooi reëling wat God vir Israel gegee het was dat iemand kon kies om 'n nasireér te word. 'n Nasireér is iemand wat hom tydelik of lewenslank geheel en al aan die saak van die Here wy. So kon 'n nie-Leviet as nasireér priester word. Simson en Samuel was lewenslank sulke nasireërs. 'n Nasireér moet hom onderskei in sy toewyding deur onder meer nie wyn of bier te drink nie en nie sy hare of baard te skeer nie.

Ons is vandag almal nasireërs van God in Jesus Christus en die Heilige Gees. Ons toewyding lê veral nie in uiterlike dinge nie, maar in 'n heilige en diensvolle lewe aan die Here.

Sing: Skrifberyming 25:1,2,4 (melodie Ps 134) Dr NP Heystek (Wapadrank)